Vaginale hiperplasie

Bron: Webredakteur
Datum: 12 Julie

Die twee belangrikste genetiese toestande wat telers met groot verantwoordelikheid in hulle teelprogramme moet hanteer, is vaginale hiperplasie (VH) en heupdisplasie (HD).

Daar is drie grade vaginale hiperplasie:

- Graad 1: Geen weefsel steek by die vulva uit nie en die toestand kan slegs deur ‘n inwendige ondersoek gediagnoseer word.
- Graad 2: Vlesige pienk weefsel steek by die vulva uit.
- Graad 3 (vaginale prolaps): Die hele vaginale wand is vergroot en steek by die vulva uit.

Die SABT beveel aan dat telers tewe met ‘n VH-gradering van Graad 1 of beter, in hul teelprogramme gebruik. Graad 1 is ook die vereiste vir toelating tot die stoetregister.

Die Vereniging beveel verder aan dat kopers en telers altyd op ‘n afskrif van ‘n teef se VH-ondersoekverslag aandring wanneer hulle ‘n hondjie koop, of ‘n dekking aanbied.

Ondersoeke vir vaginale hiperplasie moet gedurende die hittesiklus – verkieslik tussen dag 8 en 13 – deur ‘n SABT-gemagtigde veearts gedoen word.

Vaginale hiperplasie-ondersoekverslag

Meer inligting oor vaginale hiperplasie en ander genetiese toestande: *Pretorius A. Die Boerboel – eie aan Suid-Afrika. 2005.*